Ref / Verw: SASF-BR 4 -14

SASF BEAMPTE - REGULASIES & BELEID 2014

1. Vind hierna, 'n uiteensetting van inligting, regulasies en beleidsaspekte soos van toepassing op alle SA geregistreerde beamptes vir 2014 asook toernooie in Suid-Afrika. Inligting soos in hierdie dokument vervat mag deur amptelike skrywes van die SASF BR gedurende die jaar vervang/gewysig word.

2. Beampte Raad – 2013/14

Aanstelling	Naam & Van	Sel No	E-pos
Voorsitter:	Charles Villet	+27 72 3647 536	charlesvillet64@gmail.com charlesvillet@telkomsa.net
Vise Voorsitter:	Herman Lourens	+27 83 2281 069	hermanlourens@absamail.co.za
Sekretaris:	Jaco van As	+27 79 1976 267	jmva@lantic.net
Hulp Sekretaris:	Gawie de Beer	+27 73 1202 561	gawie.debeer@hotmail.co.za gawie@colivery.co.za
Lede:	Willem Giliomee	+27 83 6792 410	wpsvtes@gmail.com
	Elize Grobler	+27 82 8960 466	Elize.grobler@exxaro.com Elize.mauritz@telkomsa.net
	Maretha Piccioli	+27 81 2701 145	mava@lantic.net
Leerling BR Lid:	Berry Shaai	+27 72 9936 113 +27 84 5566 696	

3. Registrasie

   a. FILA Beamptes

      i. Alle FILA beamptes moet voor 01 Oktober 2014 vir 2015 deur hulle verenigings by die SASF BR registreer.

      ii. Geen registrasie sal van die individu self aanvaar word nie.

      iii. Registrasiekostes sal later bekend gemaak word.

      iv. 'n Beampte wat as nuwe FILA beampte wil registreer moet oor tenminste 'n SA Kat 2 gradering beskik en jonger as veertig jaar oud wees en aan ten minste 50% van SA byeenkomste optree in die voorafgaande 12 maande om genomineer te word.

      v. FILA beamptes wat internasionaal wil gaan optree, moet aan tenminste 50% van SA byeenkomste die voorafgaande 12 maande optree, voordat hy/sy internasionaal mag gaan optree.

      vi. Alle FILA beamptes wat internasionaal optree, moet 'n verslag rakende die optrede indien (volgens voorgeskrewe formaat – Kyk Bylae 1).

      vii. Die maksimum ouderdom om weer by FILA te herregistreer as beampte, is 60 jaar.

      viii. Nuwe kandidate vir FILA graderings moet met die FILA klere optree.

      ix. Indien 'n beampte weens bepaalde redes nie kon voldoen aan FILA vereistes nie, moet 'n motivering tesame met die registrasie opgawe ingedien word vir

oorweging deur SASF UB en indien aanbeveel deur FILA om gradering te handhaaf.

b. SA Beamptes

i. Beampte registrasies van beamptes geregistreer 2013 om voor 1 Maart 2014 gefinaliseer te wees.

ii. Alle registrasies moet dmv internet op SAMS (http://www.sportadmin.co.za/login.aspx?ReturnUrl=%2fPages%2fusr%2fhome.aspx) met individuele detail voltooi word; insluitend kontak details in **Hoof** en **Klein** letters.

iii. Die beampte word vir toernooi doeleindes geag geregistreer te wees, wanneer die registrasie aksie op SAMS met nodige detail voltooi (insluitend 'n onlangse foto gepubliseer en provinsiale gradering aangedui) is en deur die beampte se Vereniging goedgekeur ("approved") is.

iv. Die Provinsiale Beampteraad is verantwoordelik om die gradering van al die Beamptes tot en met Prov A op SAMS op te dateer/verifieer. Nasionale Gradering en Tyd & Telbord Graderings (SA Kursus) sal deur die SASF BR geadministreer word.

v. Die registrasie proses word geag gefinaliseer te wees wanneer voormelde aksie op SAMS voltooi is; registrasie fooie oorbetaal en bevestig is & Sekretaris van BR gradering mbt SA Graderings bevestig het en registrasie erken het. Fooie en tydskale in tabel hierna aangedui:

Beampte Registrasies – SASF (Addisionele kostes per vereniging mag gehef word).	R150-00
Beampte Her-registrasie na 1 Maart 2013	R200-00
Praktiese Evaluering	R100-00
Kursusgeld	R170-00
Alle beamptes wat optree moet geregistreer wees. Ongeregistreerde beamptes wat optree moet onmiddelik geregistreer word en 'n administratiewe fooi van R50-00 sal by die registrasie fooi gevoeg word. Beamptes sal wel toegelaat word om op te tree, met toestemming van die vereniging se verteenwoordiger en solank die beampte aan die nodige vereistes vir optrede voldoen.	R150-00 R 50-00 R200-00
Onthou net asb om die korting te kry van R30 vir persone wat by meer as een sub-raad registreer, moet die registrasies dieselfde dag gedoen word, sodat die datum dieselfde is. Datums kan nie verander word in die stelsel nie, so maak seker dit word op dieselfde dag gedoen.	
SASF se bank besonderhede is: Suid Afrikaanse Stoeifederasie, Standardbank – Rivonia, Rek no. 023031662, Tak no. 001255.	

vi. Beamptes wat nie geregistreer is nie of nie aan vereistes voldoen nie, dws beamptes nie aangetoon in die amptelike register van die SASF BR nie en of nie 'n SA Beampte Kursus bygewoon nie, sal beampte optrede tydens alle SA aangeleenthede geweier word.

vii. Indien 'n ongeregistreerde persoon tydens 'n Ope Kampioenskappe as beampte optree, sal die vereniging skriftelik in kennis gestel word. Indien die persoon nie binne **30 dae** na ontvangs van die skrywe geregistreer is nie, sal 'n addisionele heffing van R50-00 gehef word.

viii. Eerste registrasie kan plaasvind **nadat** die persoon **16 jaar** oud geword het.

ix. Beamptes vanaf ouderdom 13 jaar kan registreer as 'n Langtermyn Ontwikkelingsbeampte (LTOB / LTDP) met gradering per jaar – PO1 (eerste jaar); PO2 (tweede jaar); PO3 (derde jaar) en slegs toegelaat word om op te tree nadat 'n provinsiale beampte kursus suksesvol geslaag het. Op ouderdom 16

jaar word die beampte dan oorgeskakel na Prov B indien voldoen aan die vereistes, alternatief Prov C.

x. Persone 65 jaar en ouer kan registreer as gewone beamptes. Hulle sal kontrole doen en as die beampte nie op standaard is nie, sal hulle prakties getoets word. Indien die beampte nie die prakties slaag nie, sal die beampte versoek word om op te hou optree. Dieselfde evalueringsproses sal vir die Hon Beamptes geld.

4. Toekennings

a. SA Kleure**.** SA beampte-kleure word op aanbeveling van die SASF BR deur die SASF UB toegeken aan 'n SA Beampte, nadat hy/sy, sy/haar Kat 2 kwalifikasie ontvang het en vir een jaar gehandhaaf het.

b. Eksepsioneel**.** SA Eksepsioneel gradering word toegeken aan ‘n beampte wat vir een jaar as Kat 1 beampte ‘n gemiddeld van 90% behaal het.

c. SA Meriete Toekenning. Die SA meriete toekenning word deur die SASF UB aan beamptes toegeken na verwerwing van sy/haar Kategorie 1 kwalifikasie (Eenmalige toekenning).

d. Beampte met Hoogste Teoretiese Punte vir die Jaar**.** Word toegeken aan die beampte wat die hoogste punte behaal het tydens die skriftelike/teoreties eksamens gedurende die kalender jaar.

e. Beampte van die Dag. Titel word toegeken aan die beampte wat op die dag per mat tydens SA Kampioenskappe en SA Graderings Toernooi as die beste ge-evalueer is deur die Beampte(s) in beheer van die mat en/of evaluering van deur lede van die SASF AR. Die SASF BR sal die kandidate se evaluasie assesseer en die beste beampte per mat aanwys.

f. Beampte van die Jaar**.** Word toegeken aan die beampte wat deur die jaar die meeste toekenning as beampte van die dag op ‘n mat gedurende SA Kampioenskappe en SA Graderings ontvang het.

g. Ere-Lidmaatskap**.** Die SA Beampte Ere-lidmaatskap word gemaak aan afgetrede beamptes na jare dienslewering as SA Beamptes. Die onderskeie verenigings is verantwoordelik om op ‘n amptelike briefhoof (met ‘n kort CV van die beampte) by die SASF BR aansoek te doen**.** Hierdie beampte mag op geen SA Kampioenskappe of Ope Toernooi optree nie.

h. Ere-Eksepsioneel. Word op dieselfde gronde as die ere-lidmaatskap gemaak aan uitsonderlike beamptes wat met eksepsionele graderings aftree. Die onderskeie verenigings is verantwoordelik om op ‘n amptelike briefhoof (met ‘n kort CV van die beampte) by die SASF BR aansoek te doen. Hierdie beampte mag op geen SA Kampioenskappe of Ope Toernooi optree nie.

i. Ere-Honneurs. Word op dieselfde gronde as die ere-lidmaatskap gemaak aan uitsonderlike beamptes wat met die Honneurs gradering aftree. Die onderskeie verenigings is verantwoordelik om op ‘n amptelike briefhoof (met ‘n kort CV van die beampte) by die SASF BR aansoek te doen. Hierdie beampte mag op geen SA Kampioenskappe of Ope Toernooi optree nie.

j. Spesiale Toekennings. Enige verdienstelike geval kan deur die SASF BR na die SASFUB aanbeveel word vir ‘n spesiale toekenning.

k. Beamptes wat Internasionaal optree, is geregtig op ‘n spesiale baadjie: selfde groen as goue protea kleure met SA Senior wapen op die sak en “INTERNATIONAL REFEREE “ onderaan. Geen ander baadjie kan sonder die SASF BR en die SASF se goedkeuring gedra word nie.

5. Toernooi Gradering en Beampte Kwalifiseringsvereistes

a. ‘n Beampte wie wil optree by SA Kampioenskappe en SA Gradering moet ‘n SA Beampte kursus gedurende dié jaar voor die kampioenskappe/toernooi bygewoon het.

b. SA Graderingstoernooie. Slegs SA 2 en hoër gegradeerde beamptes kwalifiseer. Prov C en hoër Beamptes kan vir tyd en telbord ingeskryf word mits hulle SA Kursus bygewoon het (2/3 moet SA 2 of hoër wees).

c. SA Kampioenskappe. Slegs SA 2 en hoër gegradeerde beamptes. Prov C en hoër Beamptes kan vir tyd en telbord ingeskryf word mits hulle SA Kursus bygewoon het. Prov A Beamptes wie die toelatingseksamen geslaag het, kan tydens SA Kampioenskappe prakties ge-evalueer word.

d. SA Streek Kampioenskappe. Prov C (kursus gekwalifiseerd) en hoër vir tyd en telbord en Prov B en hoër beamptes as kandidate vir beampte paneel, kan optree.

e. Beampte verhouding tot aantal stoeiers vir alle SA Byeenkomste, behalwe SA Streek Kampioenskap:

i. Prov beamptes (kursus gekwalifiseerd) tel vir 1-3 x stoeiers.

ii. SA2 – K1 beampte tel vir 6 x stoeiers.

iii. Eksepsioneel & Eksepsioneel (Honneurs) tel vir 8 x stoeiers.

iv. Ten minste 2/3 van beamptes wat stoeiers verteenwoordig moet SA2 en hoër wees.

f. SA Streekkampioenskappe. Beampte verhouding tot aantal stoeiers.

i. SA 2 en hoër - 1 x beampte vir elke 7 x stoeiers.

ii. Prov B en A –1 x beampte vir elke 5 x stoeiers.

iii. Prov C - 1 x beampte vir elke 3 x stoeiers.

iv. Ten minste 2/3 van beamptes wat stoeiers verteenwoordig moet Prov B en hoër wees.

g. Verenigings wat nie voldoen aan bogenoemde verhoudings nie sal aan die SASF BR moet bewys dat hulle gepoog het om beamptes te leen by ander Verenigings. Indien hulle dit nie kan doen nie, sal die **R1,500-00 per beampte** wat te min is dadelik gehef word. Elke aangeleentheid sal deur die BR op meriete oorweeg word.

6. Verslag Beampte Toernooi Optredes

a. Verslag Beampte Optredes. Verenigings moet asseblief die optrede van hul beamptes soos omskryf in die reëls van die SASF BR op rekord hou en skriftelik verslag doen per beampte aan die SASF BR Sekretaris voor 1 Oktober 2014.

b. Verslag Formaat

i. MS Office Excel;

ii. Reeksno;

iii. Voorletters;

iv. Van;

v. Beampte Nommer;

vi. Klub;

vii. Beampte Gradering;

viii. SA Kampioenskappe – datum en getal Dae;

ix. SA Graderings – datum getal Dae;

x. Ope Kampioenskappe op SA Kalender per toernooi;

xi. Ope Toernooie nie op SA Kalender per toernooi;

xii. Provinsiale Kampioenskappe en Toernooie - getal;

xiii. Klub Toernooie - getal.

c. Ope Toernooie. 'n Opgawe van beampte deelname (met handtekeninge) per Ope Toernooi moet na afloop van die toernooi aan die BR Sekretaris beskikbaar gestel word. Beampte in beheer moet 'n op datum registrasie lys voor toernooi bekom en alle beamptes se registrasies kontroleer. Indien 'n beampte nie geregistreer is nie, verseker dat die korrekte informasie van die individu beskikbaar is.

7. Provinsiale Beampte Gradering

a. Die SASFBR versoek Verenigings om die Prov C, Prov B en Prov A graderingstelsel te volg om eenvormigheid in Suid Afrika te handhaaf. U word daarop gewys dat beamptes ***slegs een gradering verhoging per jaar*** mag ontvang.

b. Prov Graderings. Die minimum riglyne vir Provinsiale beampte graderings is soos volg:

i. Prov C na Prov B – Moet tyd & telbord, skeidsregter en beoordelaar kan optree. Minimum punt benodig 65%.

ii. Prov B na Prov A – Moet voldoen aan sub-sub-par 7.b.i. asook matvoorsitter kan wees. Minimum punt benodig 67.5%.

8. SA Beampte Gradering

a. Vir 'n SA beampte om sy/haar huidige gradering te verbeter moet hy/sy deelneem aan minstens een SA skriftelike eksamen, een SA praktiese opgradering, een SA praktiese kontrole aangeleentheid asook voldoen aan die getal optredes (2 x Opes en 6 x Provinsiale /Klub byeenkomste) vir die betrokke jaar. Sy/haar *gemiddelde* punt moet voldoen aan die vereistes van die volgende hoër kategorie.

b. Handhawing van Gradering. Vir 'n SA beampte om sy/haar huidige gradering te behou moet hy/sy deelneem aan sub par 8.a. aktiwiteite muv SA Praktiese opgradering en gemiddelde punt van eie gradering handhaaf.

c. Stagnering. Indien die beampte nie gedurende die jaar voldoen aan die vereiestes van sub par 8.b. nie, word die beampte as stagnant aangedui aan die einde van die toepaslike jaar en indien die sub standaard die volgende jaar herhaal, mag die beampte afgegradeer word na gelang van onvoldoende motivering tesame met die opgawe van deelname.

d. Eksepsionele Beamptes***.*** Moet aan minstens een SA kontrole aangeleentheid deelneem en een keer prakties getoets word tydens 'n SA byeenkoms en die minimum punt van 90% behaal en een SA kursus bywoon. 'n Eksepsionele beampte wat nie prakties getoets word gedurende die jaar nie, sal nie erkening vir die betrokke jaar ontvang nie.

e. 'n Ekspesionele Beampte met Honneurs Toekenning. Beamptes met Honneurs toekenning is onderhewig aan die vereiste om elke jaar gratis prakties ge-evalueer te word. Indien hy/sy nie op standaard is nie sal hy/sy aangespreek word. Indien die vereiste standaard nie gehandhaaf word nie, sal hy na die tweede jaar afgegradeer word.

f. Afgradering

i. ‘n Beampte wat nie ‘n SA kursus bygewoon het nie, sal afgegradeer word.

ii. ‘n Beampte wat vir twee jaar na mekaar nie die minimum punt behaal van sy huidige gradering nie, sal afgegradeer word.

iii. ‘n Beampte wat skuldig bevind word tydens ‘n tug verhoor kan afgegradeer word.

g. Teoretiese eksaminering. Eksaminering van Prov A tot K1 vind plaas tydens die SA kursusse. Aanvullende teoretiese eksaminering kan by SA Kampioenskappe afgelê word.

h. Mondelinge evaluering. Persone wat ‘n probleem het om die eksamen skriftelik af te lê en dit liewer mondelings wil aflê, moet die beampteraad ten minste die Maandag voor die kursus skriftelik in kennis stel en redes verskaf. Daar moet jaarliks aansoek gedoen word. Die BR sal die saak op meriete hanteer. Na goedkeuring kan die persoon die eksamen mondelings aflê.

i. ‘n Beampte wat nie die teoretiese eksamen geslaag het nie, kan aansoek doen om tydens enige SA Byeenkoms (daarna) weer die teoretiese eksamen af te lê teen ‘n koste van **R100-00.** Die aansoek moet ten minste ‘n week voor die byeenkoms by die SASF BR Sekretaris wees. Die beampte moes die eksamen tydens die kursus geskryf het.

j. Eksamen nommers sal aan beamptes tydens teoretiese evaluasie toegeken word en uitslae sal per eksamen nommer annoniem gesirkuleer word.

k. Appèl. Indien die beampte na ontvangs van die teoretiese uitslae appèl wil aanteken, moet die appèl binne 21 dae na verspreiding vd teoretiese punte, skriftelik geskied.

l. Praktiese evaluering**.** Praktiese evaluering bestaan uit twee fasette nl opgraderings-aangeleenthede en kontrole-aangeleenthede.

i. Koste: Kontroles gratis.

ii. Opgraderings: R 100-00 per geleentheid.

iii. Indien ‘n byeenkoms oor twee dae strek mag ‘n beampte slegs tydens een van die dae opgradeer en nie albei dae nie.

iv. ‘n Praktiese evaluasie sal onafhanklik deur twee beampteraadslede gedoen word. Indien uitslag verskil (bevoeg vs onbevoeg) sal ‘n derde evaluasie deur ‘n onafhanklike beamptreraadslid gedoen word. Indien die beampte ongemaklik is met die uitslag van laas genoemde praktiese evaluasie, moet die betrokke beampte onmiddelik kennis van appèl gee, waarna die beampteraadslid in beheer ‘n finale her-evaluasie sal doen.

m. Die gedrag van ‘n beampte tydens byeenkomste (aan diens en rustend) sal ook in aanmerking gebring word tydens praktiese evaluering.

n. Gemiddelde punte benodig vir graderings (**LW.** Prakties tel 70% en Teorie 30%)

i. Provinsiale A na SA 2 = 70%.

ii. SA2 na SA1 = 75%.

iii. SA1 na K2 = 80%.

iv. K2 na K1 = 85%.

v. K1 na Exep = 90%

9. SA Beampte Kursusse

a. Die volgende kursusse is geskeduleer:

Reeks no / Serial No	Stoei Styl / Wrestling Style	Inskrywings Sluit / Entry Closure Date	Kursus Datum / Course Date	Aan-vangs-tyd / Start Time	Venue	Koördinate / Coordinates	Inskrywings-fooie
1	Olimpies	20 Jan 14	25 Jan 14	08h00	Noord Gautengsaal / Gauteng North Wrestling Hall	25°46'33.96"S 28°16'2.51"E	R170-00 pp
2	Olimpies	25 Jan 14	1 Feb 14	08h00	Bloemfontein Hoërskool / High School	29° 5'6.44"S 26°14'43.62"E	R170-00 pp
3	Olimpies	1 Feb 14	8 Feb 14	08h00	Olympians Stoei / Wrestling St. John Str, Durbanville	33° 50.055 S 18° 38.169 E	R170-00 pp
4	Olimpies	24 Mei 14	31 Mei 14	08h00	Sal bepaal word / To be determined.	Sal bepaal word / To be determined	R170-00 pp

b. Verenigings moet op/voor die geskeduleerde datums voor die betrokke kursus die SASF BR sekretaris skriftelik laat weet watter beamptes die kursus gaan bywoon. Indien ‘n persoon nie opdaag vir die kursus nie, sal die vereniging nog steeds verantwoordelik wees vir die fondse.

c. Alle beamptes (Prov – Eksepsioneel (Hons)) moet ‘n SASF BR kursus gedurende die jaar bywoon voor die betrokke SA Toernooi, anders sal optrede geweier word tydens SA Toernooi.

d. Provinsiale Beampte Kursus. Kursusleier moet ‘n eksepsionele beampte wees en kursus instrukteurs minimum vlak Kat 2.

10. Inskrywings / Ontrekkings - SA Kampioenskappe / SA Proewe

a. Inskrywings. Slegs beamptes *ingeskryf (skriftelik per e-pos) deur hul onderskeie verenigings* ten tye van *sluitingsdatums ontvang deur BR Sekretaris*, soos aangetoon op die *kalender vir stoeiers en ander ampsdraers sal toegelaat word* om deel te neem aan *SA aangeleenthede. *LW. Formaat: MS Office Excel – Voorletters; Van; Noemnaam; beamptenommer (registrasienommer); gradering moet saam met inskrywings ingestuur word (asook getal stoeiers ingeskryf).* Verenigings wat beamptes leen moet self onder mekaar reël. Dit is nie die SASF BR se plig om beamptes vir provinsies te leen nie. Verenigings moet voor die inskrywings sluit, beamptes by ‘n ander vereniging leen en die beampte wat geleen word, se naam moet saam met die vereniging waarvoor hy/sy gaan optree se inskrywings deurgegee word.

b. Onttrekkings. Onttrekking van beamptes moet skriftelik gedoen word ten minste 2 dae voor die byeenkoms – geen ontrekking sal telefonies aanvaar word nie.

c. Beamptes wat nie opdaag / aanmeld. Beamptes wat nie opdaag nie se vereniging sal met R100-00 beboet word indien die vereniging nog voldoen aan die getal vereiste.

d. Beamptes wat vroeg loop tydens SA aangeleenthede sal nie erkenning kry vir die optrede nie (Alle gevalle sal op meriete hanteer word).

11. Aanmelding. Beamptes moet **75 minute** voor die aanvang/begin van die toernooi (elke dag) (06h45) by die SASF BR afgevaardigde aanmeld. Beamptes wat nie betyds aanmeld nie sal nie toegelaat word om op te tree nie (sal op meriete hanteer word). Matindeling en

ander tersaaklike inligting sal tydens ‘n kort vergadering, ongeveer 15 minute na aanmelding, voor die aanvang, aan lede bekend gemaak word. Bywoning van die sessie is verpligtend. Diegene in beheer van matte of wie beampte-paneel indelings moet hanteer – moet verseker dat die eerste beamptepaneel om 08h00 kan begin en indien nie klaar met die beplanning daarna voortgaan met die opstelling en skedulering van beamptes in die onderskeie beampte panele.

12. Kleredrag

    a. Slegs goedgekeurde kleredrag sal toegelaat word.

    b. Die kleredrag is as volg:

        i. Persone wat Fila kleure het, mag in die klere optree.

        ii. Alle ander beamptes moet ‘n wit katoen hemp met ‘n kraag en met die SA wapen op sak (Prov – Ronde Blou; SA 2–K2 Ronde Rooi tot SA Kleure verdien is; K2 met SA Kleure tot Eksepsioneel (Honneurs) – SA Kleure) asook ‘n donker grys (skoolgrys) langbroek met ‘n swart belt aan hê, asook sagte sool swartskoene met swart sokkies.

        iii. Dames kan soos bogenoemde aantrek, of met ‘n wit katoen hemp met moue. Die hemp kan ook oor die broek hang. Die betrokke SA wapen moet ook op die sak wees.

        iv. Lede van die SASF BR mag ‘n eenvormige hemp dra tydens SA byeenkomste, wat spesiaal vir hulle ontwerp is.

        v. Beamptes wat net as tyd en telbord optree, moet ook volgens die riglyne aantrek.

        vi. ‘n Beampte wat nie reg geklee is nie, sal nie toegelaat word om op te tree nie.

        vii. Die witbaadjie in die winter uit te faseer en vervang word met ‘n blou baadjie/blazer (snit moet nog gefinaliseer word).

13. Reëls van SASF BR (Reglement)

    a. Die reëls word van tyd tot tyd verander en aangepas. Maak seker dat u altyd die nuutste weergawe het. U is welkom om op skrif enige verdere aanpassings voor te stel vir oorweging deur die SASF BR.

    b. Alle geregistreerde beamptes (aan diens of rustend) is ten alle tye onderhewig aan die FILA Reëls; die FILA Beampte Regulasies (http://www.fila-official.com); voormelde reëls asook SASF BR besluite.

14. SA Streek & Ope Toernooie

    a. Ope Toernooie. Die SASF BR beveel aan dat alle toernooie binne Suid-Afrika, waar meer as twee Stoeiverenigings en of ‘n Buitelandse Span aan ‘n stoei kompetisie/toernooi deelneem, (in lyn met FILA) die Gasheer vir die toernooi, een maand voor die toernooi datum, die SASF BR uitnooi om ‘n lid/lede af te vaardig en by die toernooi teenwoordig te wees.

    b. SASF BR Lede aangewys vir SASF Kalender Aangeleenthede

Toernooi	Datum	BR Afgevaardigde(s)
Mpumalanga Ope	22/02/2014	Charles Villet & Gawie de Beer
Abraham Geldenhuys	1/03/2014	Charles Villet & Willem Giliomee
Martin Kruger Ope	22/03/2014	Charles Villet & Jaco van As
NW Ope	5/04/2014	Gawie de Beer
Oos Gauteng Ope	26/04/2014	Maretha Piccioli & Berry Shaai
Frank Joubert Ope	10/05/2014	Jaco van As
Limpopo Ope	24/05/2014	Gawie de Beer

Sentraal Gauteng Ope	7/06/2014	Maretha Piccioli & Berry Shaai
Super 4	26/07/2014	Charles Villet
Johnny Reitz	02/08/2014	Elize Grobler & Maretha Piccioli
Centurion Ope	09/08/14	Jaco van As
KZN Ope	30/08/2014	Maretha Piccioli
S.A. Streek 1	06/09/2014	Herman Lourens
S.A. Streek 2	06/09/2014	Charles Villet
S.A. Streek 3	06/09/2014	Elize Grobler
S.A. Streek 4	06/09/2014	Jaco van As
Noord Vaal	26/10/2014	Herman Lourens & Willem Giliomee

15. Reëls en Besluite (Slegs Binnelandse Kampioenskappe)

a. Stoeiers kan met enige soort tekkie, sonder ‘n hak, met sagte sole (sodat dit nie sy opponent of die mat kan beskadig nie), stoei tydens alle byeenkomste, SA’s ingesluit. Dit is nie ‘n vereiste dat skoenveters vasgeplak moet word nie.

b. Die stoei tye vir die verskillende kategorieé is soos volg:

i. LTDP (6-; 7-; 8-jaar): - 2 x 1 min 30 sek periodes met 30 sek rus.

ii. LTDP (9-; 10-jaar) - 2 x 2 mn periodes met 30 sek rus.

iii. Jeug (O/11 - O/13): - 2 x 2 minute periodes met 30 sek rus.

iv. Skool Seuns/Dogters, Kadet - 2 x 2 min. periodes met 30 sek rus.

v. Junior, “President” en Senior - 2 x 3 min. periodes met 30 sek rus.

vi. Meesters: - 2 x 3 min periodes met 30 sek rus.

vii. Alle GR wedstryde - 2 x 3 minuut periodes met 30 sek rus.

Nota: LTDP Reëls tans in hersiening.

c. LTDP

i. 6, 7 en 8 jariges: 4 x wedstryde gelyktydig per mat; 2 x 1 min 30 sek. periodes (30 sek. Rus tussen periodes; 1 punt en twee punt aksies; gevaar posisie gehandhaaf/”valposisie” = 2 x punte – blaas fluitjie en onderbreek wedstryd; indien periode oorskadu (10) punte - stop periode tot na rustyd of indien in tweede periode einde van wedstryd. Geen 4 punt aksies toegelaat nie. Beide stoeiers word as wenners aangedui. Al die stoeiers verkry erkenning deur deelnemers medalje.

ii. 9 en 10 jariges: Tot en met 4 x wedstryde gelyktydig per mat per mat nagelang van getal wedstryde; 2 x 2 min periodes (30 sekrustussenperiodes) 1 punt en twee punt aksies; maksimum 1 x 4 punt aksie per periodeaan die begin; gevaar posisie gehandhaaf/”valposisie” = 2 x punte – blaas fluitjie en onderbreek wedstryd; indien periode oorskadu (10) punte – stop periode tot na rustyd of indien in tweede periode einde van wedstryd. Beide stoeiers kan as wenners aangedui word of ‘n wenner per wedstryd gebaseer op tegniese punte.Al die stoeiers verkry erkenning deur deelnemers medalje.

iii. O/11 – Normale FILA reëls.

iv. StreekKampioenskappe - O/6 – O/8: LTDP Reëls; O/9 – O/11 FILA Reëls.

d. Beseringstyd Reël in SA. Tydens alle byeenkomste, al is daar medies beskikbaar sal die 2 min per stoeier per wedstryd reël geld (muv besering met bloed). Die stoeier moet egter op 1 min 50 sek gereed wees om te stoei. Indien die paneel sien dat die stoeier regtig beseer is al is daar nie bloed nie sal die stoeier nie ‘n punt afstaan nie.

e. Bloedreël. Die reël sal soos volg toegepas word: Die mediese beampte in beheer sal bepaal of die stoeier kan voortgaan al dan nie. Sy/haar besluit kan nie deur die afrigter verander word nie. Die beseringstyd sal nie loop nie.

f. Inmeet. Die aand voor SA Byeenkoms – Die tuis vereniging moet die beamptes voorsien vir die inmeet van stoeiers tydens die eerste aand se inmeet. Die name moet aan die Sekretaris van die SASF BR twee dae voor die inmeet deur gestuur word. Die tweede aand se beamptes sal deur die loop van die dag deur die SASF BR aangewys word. Alle beamptes betrokke tydens die inmeet moet in volle beampte drag geklee wees (met uitsondering van die eerste aand). Gasheer instansies vir toernooie moet op 50 x stoeiers per skaal beplan. Slegs skale met geldige kalibrasie sertifikaat (sertifikaat moet op perseel beskikbaar wees en op aanvraag getoon word), mag gebruik word. Inmeet duur 30 min.

g. Nie Verskyning/Opdaag van Stoeier. Indien ‘n stoeier na die 1min 30 sek wag tyd nie opdaag vir ‘n wedstryd nie, sal die stoeier vir die toernooi gediskwalifiseer word. As dit in ‘n finaal gebeur, sal die stoeier nie geplaas word nie.

h. Indien ‘n stoeier nie reg geklee op die mat verskyn nie, kry hy/sy 1 minuut om reg geklee op die mat te verskyn. Indien die tyd uitloop en die stoeier is nie reg geklee op die mat word die stoeier as verloorder aangedui en indien nie op die mat nie, sal hy/sy vir die wedstryd gediskwalifiseer word. As dit in ‘n finaal gebeur, sal die stoeier nie geplaas word nie.

i. Verenigings wat SA byeenkomste aanbied, moet hulp verleen met die opstel van die elektroniese uitrusting en na die toernooi met die opruiming daarvan.

j. Om die toeskouers te beheer wat om die matte saamdrom, sal die matvoorsitter van die betrokke mat die wedstryd stop en die betrokke persone op die oortreding wys. Die oortreders sal nie deur die beamptes van die mat verwyder word nie, maar die wedstryd sal eers voortgaan nadat die oortreders die mat/verbode area verlaat het en dit weer heeltemal veilig is vir die stoeiers. Die skoonhou rondom die matte is die Spanbestuurdersraad se verantwoordlikheid.

k. Geen beampte mag naby ‘n diensdoenende beampte wees wanneer ‘n familielid van hom/haar stoei nie.

l. ‘n Beampte wat die dag diens doen as ‘n beampte mag geen stoeier aanmoedig (skreeu) nie.

m. Afrigters moet in die toepaslike hoek (soos bepaal deur die beamptes) van die mat op ‘n stoel sit.

n. Kleredrag van stoeiers in lyn met FILA Stoeireëls is soos volg:

   i. Stoeiers moet in ‘n noupassende eenstukstoeipak stoei. **Geen rooi op blou of blou op rooi word toegelaat nie (wapen/embleem uitgesluit)**. Indien daar ander kleure op die stoeipak is moet 60% van die pak nog steeds rooi of blou wees, asook deur die BR goedgekeur wees.

   ii. Klubs en Verenigings kan toestemming by die SASF BR versoek om van stoeipakke met ander skakerings gebruik te maak. Daar moet ‘n A4 grootte van die kostuum van voor en agter ingestuur word.

   iii. Geen ander stoeipakke sal toegelaat word nie, insluitende stoeipakke van ander lande wat nie aan die vereistes voldoen nie.

   iv. TYDENS SA BYEENKOMSTE SAL GEEN KOSTUUMS VAN ‘N ANDER LAND TOEGELAAT WORD NIE.

o. Daar mag twee afrigters tydens rustyd in die hoek wees. Altwee mag dan raad aan die stoeier gee. Tydens die wedstryd-periodes moet die tweede afrigter uit die hoek uit weg wees.

p. Enige vereniging is welkom om skriftelik enige aangeleentheid met die SASF BR op ‘n amptelike briefhoof te korrespondeer. Onderskeie Vereniging Beampterade word versoek om alle korrespondensie na die SASF UB, hul onderskeie president en sekretaris ter info te korrespondeer.

q. Uitnodiging van BR lid op Vereniging koste, om Vereniging se beampte kursus by te woon en of aan te bied.

16. **Verenigings kan die BR Sekretaris kontak op Sel no: 0791976267.**

17. Hersien deur SASFBR 2013.

J.M. VAN AS

Bylae 1: FILA Kursus VERSLAG

BYLAE 1

Kontak Details

Adres

Datum van Verslag

Die Voorsitter & Lede
SASF BR

BEAMPTE VERSLAG: NAAM VAN KAMPIOENSKAPPE EN DATUM

A. PERSOONLIKE INLIGTING:

1. NAAM :
2. Huidige Fila gradering :
3. Opgradering :
4. Woonadres :
5. Telefoonnommers: (H)
   (W)
   (S)
6. E-pos :

B. KOMPETISIE BESONDERHEDE:

NAAM VAN KOMPETISIE :
DATUM :
PLEK (LAND & STAD) :

1. TIPE KOMPETISIE :
2. TYDPERK (DAE) :

C. BEAMPTE SAKE:

1. Was ‘n kursus aangebied? :
2. Indien wel, Wie was Instrukteurs?
3. Was daar ander SA Beamptes saam :
4. Het u ‘n SA Span vergesél :
5. Op watter reëls is klem gelê en hoe is die reëls vertolk en toegepas?

6. Enige nuwe reëls wat bespreek is:

7. Enige afwykings ervaar in die toepasing van reëls versus toepasing in Suid-Afrika:

D. ANDER INLIGTING

1. Datum van vertrek uit RSA :
2. Datum van terugkeer na RSA :
3. Vlugbesonderhede Lugredery(e) :

   Vlugnommers :
4. Deur wie is julle reëlings getref :
5. Finansiële bystand is ontvang van SASF :

HANDTEKENING
VOORLETTERS EN VAN